## GAWES VAN DIE GEES DEFINISIES:

**Gawe van GENESING**
Dit is om God te vertrou sonder medisyne of ‘n dokter.

**Gawe van WONDERWERKE**
Dit is as ‘n mens bonatuurlik en onverklaarbaar die natuurwette oorwin.

**Gawe van GELOOF**
‘n Bonatuurlike vertroue dat God die onmoontlike sal doen al het almal rondom jou al opgegee.

**Gawe van SPREEK IN TALE**
Dis die gawe waarin jy in ‘n hemelse of aardse taal praat wat jyself nie ken nie.

**Gawes van UITLê VAN TALE**
Jy sal die hemelse of aardse taal kan verstaan waarin die persoon gespreek het waar niemand anders kan nie.

**Gawe van PROFESIE**
Om ‘n woord uit God se hart te ontvang vir ‘n spesifieke persoon op die regte tyd in sy/haar lewe of vir die gemeente. Dis bedoel om te vertroosting, bemoediging of geestelike op te bou.

**Woord van KENNIS**
Dis dinge wat in die verlede gebeur het, wat die persoon wat spreek nie self sal van weet nie tensy God dit aan hom/haar openbaar nie. Dis om iets skielik te weet van ‘n persoon wat onmoontlik is vir jou om te kan weet.

**Woord van WYSHEID**
Dit sal iets wees wat die hier en nou of toekoms beïnvloed. Dis iets wat God aan jou bekend sal maak vir die persoon waarmee jy te doen het.

**Gawe van ONDERSKEIDING VAN GEESTE**
Jy sal weet of dit wat aan die gebeur is God se werking of die werking van Satan is. Jy kry geestelike insig om te identifiseer watter geeste besig is om te opereer.